- lokale letsels met die risiko vir bloeding (bv. bestaande hemorragiese gastro-intestinale toestande, vorige translumbale aortografie, arteriële punksies, binnespierse inspuitings, inblywende kateters of endotrageale buise)
- na 'n onlangse operasies, (6de tot 10de dag na dag van operasie) afhangende van die omvang van die chirurgie
- onlangse trauma
- onlangse orgaanbiopsie, punksie van die nie-saampersbare vate, intramuskulêre inspuitings of intubasie
- onlangse bevalling of aborsie
- siektes van die urogenitale weg met bestaande of potensiële gevaar vir bloeding (bv. inblywende blaaskateter)
- septiese trombotiese siektes
- vermoede van aterosklerotiese vatdegenerasie, serebrovaskulêre siektes, erge diabetes mellitus, diabetiese/hemorragiese retinopatie
- holtevormende longsiektes (bv. oop tuberkulose) of erge brongitis
- ernstige lewer- of nierskade
- mitraalkleppdefekte of atriale fibrillasie
- endokarditis
- perikarditis: geïsoleerde gevalle van perikarditis, verkeerd as akute miokardiale infarksie gediagnoseer en met FIBREAKER 1 500 000 IU behandel, het tot perikardiale effusie waaronder tamponade gelei
- vorige translumbale aortografie
- probleme met serebrale bloedvloei of onlangse serebrale bloeding

FIBREAKER 1 500 000 IU moet nie tydens swangerskap gegee word nie, veral nie in die eerste 18 weke nie as gevolg van die risiko vir plasentale loslating. Vanweë die hoër waarskynlikheid vir weerstand vanweë antistreptokinaseteenliggame, moet verdere dosisse FIBREAKER 1 500 000 IU nie in die tydperk tussen 5 dae en 12 maande na die aanvanklike dosis gegee word nie.

Lokale toediening:
'n Sistemiese effek is ook na lokale toediening moontlik, afhangende van die volume van die dosis toegedien. Daarom moet die kontraindikasies hierbo genoem ook tydens lokale toediening in ag geneem word.

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS
Bloeding:
FIBREAKER 1 500 000 IU kan bloeding veroorsaak, veral vanaf die plekke van die naaldprik. 'n Dun naald moet gebruik word en die aantal naaldprikke moet beperk word. Bloedvate van die boonste ledemate word verkies in gevalle waar 'n arteriële punksie vir binneaarse terapie nodig is. Na die punktuur moet druk vir ten minste 30 minute toegepas word. 'n Drukverband moet opgesit word en die plek van die punktuur moet gereeld vir tekens van bloeding nagegaan word.

Pasiënte met mitraalkleptdefekte met atriale fibrillasie is meer geneig tot linkerharttrombus wat na trombolitiese terapie tot serebrale embolisme kan lei. Daar is 'n risiko vir retinale bloeding in pasiënte met diabetiese retinopatie.

FIBREAKER 1 500 000 IU is waarskynlik vir die volgende toestande oneffektief:
- diepaartrombose ouer as 14 dae
- okklusie van die sentrale retinale arterie, ouer as 6 tot 8 uur, en trombose van die retinale aar ouer as 10 dae

Die effek kan ook minder wees in pasiënte met onlangse streptokokinfeksie, soos streptokokfaringitis, akute rumatiekkoors of akute glomerulonefritis.

Spesiale voorsorgmaatreëls:
FIBREAKER 1 500 000 IU moet versigtig, indien enigsins, gebruik word in pasiënte met 'n hoër risiko vir bloeding, of diegene in wie bloeding veral gevaarlik kan wees. In gevalle van ernstige bloeding moet behandeling met FIBREAKER 1 500 000 IU gestaak en 'n proteïenaseremmer, bv. aprotinien, teen die volgende dosis gegee word:
Spuit aanvanklik 500 000 KIE tot 1 000 000 KIE (kallikreïeninaktiveerdereenhede) met stadige intraveneuse inspuiting of infusie in (maksimum tempo 5 ml/min). Indien nodig, kan dit elke 4 uur met 200 000 KIE opgevolg word totdat die bloeding stop. Daarbenewens word kombinasie met sintetiese antifibrinolitika aanbeveel. Indien nodig, kan stollingsfaktore vervang word. As akute of terugkerende pulmonêre embolisme tydens behandeling voorkom, moet behandeling met FIBREAKER 1 500 000 IU soos beplan voortgaan om die klonte op te los. Daar is 'n hoër risiko vir bloeding in pasiënte wat antikoagulante of stowwe wat op die vorming of funksie van plaatjies werk ontvang of onlangs ontvang het.

Voordat langtermyn sistemiese lise met FIBREAKER 1 500 000 IU begin, moet tyd gegee word dat die effek van middels wat die vorming of funksie van bloedplaatjies beïnvloed, eers uitwerk. As die pasiënt voorheen heparien ontvang het, moet dit voor trombolitiese behandeling met die toediening van protamiensulfaat geneutraliseer word. Die infusie van FIBREAKER 1 500 000 IU kan dan na 4 ure begin. Die trombientyd moet voor aanvang van behandeling met FIBREAKER 1 500 000 IU nie meer as dubbel die normale kontrolewaarde wees nie. In pasiënte wat voorheen met warfarien behandel is, moet die INR (Internasionale Normaliserende Ratio) minder as 1,7 ('n benaderde protrombienindeks van ten minste 50 %) wees voordat die met infusie van FIBREAKER 1 500 000 IU begin word. Wees versigtig wanneer pasiënte fisies hanteer word. FIBREAKER 1 500 000 IU moet versigtig vir bejaarde pasiënte gebruik word. Teenliggame teen streptokinase word na gebruik van FIBREAKER 1 500 000 IU gevorm, en teenliggaamtiters styg skielik na ongeveer 5 tot 10 dae en keer eers na 6 maande terug na normaal. Hierdie teenliggame kan weerstand of hipersensitiwiteit teen daaropvolgende dosisse van FIBREAKER 1 500 000 IU veroorsaak. Daarom moet verdere dosisse van FIBREAKER 1 500 000 IU nie in die tydperk tussen 5 dae en 12 maande na die aanvanklike dosis gegee word nie (selfs langer tydperke is voorgestel). As trombolitiese behandeling in hierdie tydperk nodig is, moet alternatiewe nie-antigeniese medisyne gebruik word. Met beëindiging van behandeling met FIBREAKER 1 500 000 IU moet die pasiënt antikoagulante kry in 'n poging om terugkeer van trombose te voorkom. Heparien moet verkieslik gegee word, vanaf 4 uur ná die einde van trombolise en dan 'n mondelinge antikoagulante na 14 uur na staking van FIBREAKER 1 500 000 IU. Hoë titers van teenliggame teen streptokinase kan ook na sekere streptokokinfeksies soos streptokokkale faringitis of akute rumatiekkoors in pasiënte voorkom of in diegene met akute glomerulonefritis sekondêr tot streptokokinfeksies. In sulke pasiënte kan daar weerstand teen streptokinase of 'n swakker effek wees. Dit word aanbeveel dat intramuskulêre inspuiting vir die eerste 24 uur vermy word.

Allergiese reaksies teenoor FIBREAKER 1 500 000 IU kan grotendeels voorkom word deur die intraveneuse toediening aanvanklik stadig toe te dien. Kortikosteroïede kan ook profilakties toegedien word (bv. 100 tot 250 mg metielprednisoloon 10 minute voordat met behandeling met FIBREAKER 1 500 000 IU begin word). As 'n allergiese reaksie voorkom, moet die infusie gestaak en die pasiënt met intraveneuse kortikosteroïede saam met adrenalien (epinefrien) en 'n antihistamiene behandel word. Nadat die simptome opgeklaar het, kan met die behandeling voortgegaan word. As 'n anafilaktiese reaksie voorkom, moet die infusie dadelik gestaak en adrenalien (epinefrien) onmiddellik deur stadige intraveneuse inspuiting toegedien word. Daarby kan 'n hoë dosis kortikosteroïede deur stadige intraveneuse inspuiting gegee word.

Invloed op vermoë om motor te bestuur of masjinerie te gebruik:
FIBREAKER 1 500 000 IU sal nie 'n effek hê op die vermoë om 'n voertuig te bestuur of masjinerie te gebruik nie omdat dit in die hospitaal toegedien word.

INTERAKSIES
Daar is 'n hoër risiko vir bloeding in pasiënte wat antikoagulante of stowwe wat die vorming of funksie van bloedplaatjies beïnvloed, ontvang of pas tevore ontvang het (bv. remmers van plaatjieklewing, asetielsalisielsuur, allopurinol, anaboliese steroïede, androgene, skildklierhormone, vlugtige olies, kinidien, klofibraat, fenielbutasoon, indometasien, arielasynsuur- en arielpropioonsuurderivate, tetrasikliene, valproësuur, tiourasiele, sulfoonamiede en dekstraan). Voordat langtermyn sistemiese lise met FIBREAKER 1 500 000 IU begin, moet tyd gegee word dat die effek van middels wat die vorming of funksie van bloedplaatjies beïnvloed, eers uitwerk.
As die pasiënt voorheen heparien ontvang het, moet dit voor trombolitiese behandeling met die toediening van protamiensulfaat geneutraliseer word. Sien WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS voordat met behandeling voortgegaan word.

SWANGERSKAP EN BORSVOEDING
Swangerskap:
FIBREAKER 1 500 000 IU moet nie in die eerste 18 weke van swangerskap of tydens swaar vaginale bloeding of na onlangse bevalling of aborsie gegee word nie, tensy dit absoluut noodsaaklik is. (Sien KONTRAINDIKASIES).

Borsvoeding:
Die veiligheid tydens borsvoeding is nie bepaal nie.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS
Metode vir aanmaak:
Natriumchloried 0,9 % (fisiologiese soutwater) is die voorkeur oplosmiddel vir FIBREAKER 1 500 000 IU, hoewel 5 % dekstrose in water gebruik kan word.
1. Spuit 5 ml van die oplosmiddel stadig in die flessie FIBREAKER 1 500 000 IU met die naald se punt teen die kant van die flessie en nie in die medisynepoeier nie. Laat ontspan die gevormde vakuum deur die naald liggies van die spuit los te maak.
2. Kantel die flessie en rol dit liggies. Swaai die inhoud liggies om dit te laat oplos. MOENIE SKUD NIE OM SKUIM TE VERMY.
3. Sodra die poeier heeltemal opgelos is, dra die inhoud van die flessie oor in 45 tot 100 ml van die fisiologiese soutoplossing.
4. MOENIE ENIGE ANDER MEDIKASIE IN DIE FIBREAKER 1 500 000 IU-FLESSIE BYVOEG NIE.
5. Omdat FIBREAKER 1 500 000 IU nie preserveermiddels bevat nie, moet dit onmiddellik voor gebruik aangemaak word.

Dit word voorgestel om 'n intradermale veltoets met 100 IE te doen om vir 'n allergiese reaksie op FIBREAKER 1 500 000 IU te toets. As 'n positiewe reaksie nie na 15 tot 20 minute waargeneem word nie, kan die terapeutiese dosis gegee word.

Toediening:
Vir korttermynlise vir die behandeling van akute miokardiale infarksie:
FIBREAKER 1 500 000 IU word so gou as moontlik binne die eerste 6 uur na aanvang van die infarksie deur binneaarse, intra-arteriële of intrakoronêre infusie toegedien.
Akute veranderende transmurale miokardiale infarksie:
1. Intraveneuse infusie: 1 500 000 IE: FIBREAKER 1 500 000 IU bestaan uit 100 ml fisiologiese sout- of dekstrose-oplossing en word oor 30 tot 60 minute toegedien.
2. Pediatriese gebruik: Daar is nie voldoende ondervinding met behandeling van kinders met FIBREAKER 1 500 000 IU nie.

As hipotensie voorkom, kan dit tydelik beheer word deur die infusie stadiger toe te dien.

NEWE EFFEKTE
Versteurings van bloed en limfatiese stelsel:
Dikwels: Bloeding, waaronder gastrointestinale en lewerbloeding, ruptuur van die milt, urogenitale bloeding
Minder dikwels: Intrakraniale bloeding met hul komplikasies (wat dodelik kan wees) of retroperitoneale bloeding.
Bloeding in die perikardium, waaronder miokardiale ruptuur, kan tydens trombolitiese behandeling van akute miokardiale infarksie voorkom.
Bloeding kan in alle weefsel en organe van die liggaam voorkom met simptome in enige liggaamstelsel, waaronder die buik, kardiovaskulêre stelsel, gewrigte en SSS. Bloeding moet gesien word as 'n moontlike oorsaak van ongewone simptome wat na toediening kan voorkom.

Hartversteurings:
Minder dikwels: Kardiale disritmie, miokardiale infarksie, aanhoudende angina pectoris en hartversaking, wat moontlik tot hart- en respiratoriese arres kan lei. Kardiovaskulêre hipoksie, bradikardie.

Oogversteurings:
Minder dikwels: Uveïtis en okklusie van die retinale slagaar, iritis, retinale bloeding.

Hepato-bilière versteurings:
Dikwels: Kortstondige toenames in die waardes van lewerfunksietoetse of bilirubien. Geelsug, lewerhematoom.
Minder dikwels: Respiratoriese, toragiese en mediastinale versteurings. Noodlottige akute respiratoriese noodsindroom (as gevolg van allergiese reaksies).

Vaskulêre versteurings:
Dikwels: Hipotensie. As hipotensie voorkom, kan dit tydelik beheer word deur die infusie stadiger toe te dien.
Minder dikwels: Akute of herhalende pulmonale embolisme. Die opbreek van bestaande bloedklonte kan soms emboli elders veroorsaak. Vaskulitis. Niekardiogeniese pulmonêre edeem. Cholesterolembolisme. Hemorragiese of trombo-emboliese beroerte. Gangreenagtige tone/vingers. Hipertensie.

Gastrointestinale versteurings:
Minder dikwels: Gastrointestinale bloeding, retroperitoneale bloeding, ruptuur van die milt. Ingewandsinfarksie. Naarheid en braking, buikpyn.

Versteurings van endokrienstelsel:
Minder dikwels: Pankreatitis.

Algemene versteurings en toestande by die plek van toediening:
Dikwels: Bloeding by die plekke van die naaldprik. Koors en kouekoors. Laerug en abdominale pyn. Hoofpyn, astenie en ongesteldheid.

Versteurings van die immuunstelsel:
Dikwels: Ontwikkeling van teenliggame teen streptokinase. Allergiese reaksies, bv. veluitslag, gloede of rooiheid van die vel, dispnee, edeem, brongospasma, soms simptome van anafilakse en serumsiekte, galbulte of jeuk, moeilike asemhaling of hyg.
Minder dikwels: "Perstoonsindroom".

Versteurings van vel en subkutane weefsel:
Minder dikwels: Livedo reticularis (persrooi, netagtige, los kolle op die vel). Veluitslag, galbulte.

Muskuloskeletale versteurings en van die bindweefsel:
Dikwels: Muskuloskeletale pyn, soos rugpyn.
Minder dikwels: Artritis. Rabdomiolise.

Versteurings van die senustelsel:
Minder dikwels: Neuro-allergiese simptome (Guillain-Barrésindroom, polineuropatie). Serebrale stuiptrekkings. Serebrale of rugmurginfarksie. Hoofpyn. Serebrale bloeding.

Versteurings van die niere en urienweg:
Minder dikwels: Nefritis. Akute nierversaking.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VIR DIE BEHANDELING DAARVAN
In geval van onopsetlike oordosering is die behandeling simptomaties en ondersteunend.

IDENTIFIKASIE
'n Wit poeier of 'n wit bros soliede koek in helder glasflessies van 12 ml verseël met 'n prop van grys broombutielrubber met 'n lemmetjiegroen aluminium afwipseël.

AANBIEDING
'n Wit poeier of 'n wit bros soliede, higroskopiese koek verpak in 'n gestandaardiseerde 8R-spuitglasflessie van 12 ml verseël met 'n prop van grys broombutielrubber en bedek met 'n lemmetjiegroen aluminium afwipseël. Flessies word individueel in kartonne verpak.

BERGINGSINSTRUKSIES
Bêre tussen 2 en 8 °C. Moenie vries nie. Beskerm teen lig.
Die droë stof moet nie na die vervaldatum wat op die pak en houer gedruk is, gebruik word nie.
Die oplossing moet dadelik nadat dit aangemaak is, gebruik word.
HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMER
44/31/0010

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT:
Gen-Eye (Edms) Bpk[1]
Eenheid 7, Royal Palm Sake Landgoed
Washingtonstraat 646, Halfway House
Midrand, 1685
Gauteng, Suid-Afrika
[1] Maatskappyregistrasienommer: 2009/009360/07

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE VOUBILJET
Datum van registrasie: 23 November 2017
Datum van huidige hersiende voubiljet deur SAHPRA goedgekeur: 19 Oktober 2021

FIB/PI/03/09.2021
Pro-Print

PASIëNTINLIGTINGSBLAD

SKEDULERINGSTATUS S4

EIENDOMSNAAM, STERKTE EN FARMASEUTIESE VORM

FIBREAKER 1 500 000 IU Inspuiting

Streptokinase 1 500 000 IE

Lees hierdie hele pamflet sorgvuldig deur voordat FIBREAKER 1 500 000 IU aan u gegee word.
- Hou hierdie blad. Dit mag nodig wees dat u dit weer moet lees.
- As u nog vrae het, vra asseblief vir u dokter of u apteker.
- FIBREAKER 1 500 000 IU is vir u persoonlik voorgeskryf en u moet nie u medisyne aan ander mense gee nie. Dit kan hulle skade aandoen, selfs al is hulle simptome dieselfde as u s'n.

1. WAT FIBREAKER 1 500 000 IU BEVAT
Die aktiewe bestanddeel is 1 500 000 IE streptokinase per flessie.
Die ander bestanddele is menslike albumien en poligelien.

2. WAARVOOR FIBREAKER 1 500 000 IU GEBRUIK WORD
FIBREAKER 1 500 000 IU is 'n hoogs gesuiwerde proteïen wat fibrienbloedklonte en ander plasmaproteïene verteer.
Dit word gebruik om die volgende toestande in volwassenes te behandel:
- Wanner 'n bloedklont in die hartspier gevorm het en bloedvoorsiening aan die deel verhinder.

3. VOORDAT U FIBREAKER 1 500 000 IU KRY
Moenie FIBREAKER 1 500 000 IU kry nie:
- as u ernstige allergiese reaksies teenoor streptokinase of enige van die ander bestanddele van FIBREAKER 1 500 000 IU het
- as u inwendige bloeding van maagsere of letsels het of onlangs gehad het
- as u bloed geneig is om klonte te vorm
- as u inflammasie van die pankreas het
- as u onlangs (in die afgelope 10 dae) 'n operasie ondergaan het
- as u ly aan hoë bloeddruk (onbeheer) of as u maklik bloei
- as u onlangs 'n beroerte gehad het
- as u esofageale spatare (vergrote are van die onderste slukderm) het
- as u 'n breingewas het
- as u onlangs trauma aan u kop of ander trauma gehad het
- as u onlangs 'n orgaanbiopsie, punksie van die niesaampersbare vate, intramuskulêre inspuitings of intubasie gehad het
- as u onlangs 'n bevalling of aborsie gehad het
- as u enige siekte van die urogenitale sisteem (geslagsorgane en die urinêre stelsel) met bestaande of potensiële bronne van bloeding het
- as u vermoed dat u dalk aterosklerose (opbou van neerslag in die are), enige toestand wat die sirkulasie van bloed na die brein raak, erge diabetes of skade aan die retina van die oog het
- as u holtevormende longsiektes (bv. oop tuberkulose) of erge brongitis het
- as u nier- of lewerskade het
- as u enige hartklepdefekte of enige hartritmeversteurings het
- as u endokarditis (inflammasie van die binneste laag van die hart) het
- as u perikarditis (inflammasie van die fibreuse sak rondom die hart) het
- as u voorheen 'n translumbale aortografie gehad het (inspuiting van kontrasmiddel, terwyl X-strale van die aorta neem word)
- as u in die eerste 18 weke van swangerskap is

FIBREAKER 1 500 000 IU inspuiting moet nie aan kinders gegee word nie.

Lokale toediening:
U dokter sal die bogenoemde kontraindikasies vir plaaslike toediening oorweeg omdat 'n sistemiese effek ook na plaaslike toediening moontlik is.

Wees besonder versigtig met FIBREAKER 1 500 000 IU:
- as daar 'n hoër risiko vir bloeding is of as dit baie gevaarlik vir u sal wees om te bloei
- as u medikasie om stolling van bloed te voorkom gebruik of onlangs gebruik het
- as u enige hartklepdefekte het wat met hartritmeversteurings verband hou
- as u skade aan die retina het wat deur diabetes veroorsaak word
- as u bejaard is

Swangerskap en borsvoeding:
U moet nie 'n FIBREAKER 1 500 000 IU inspuiting tydens die eerste 18 weke van swangerskap kry nie of tydens swaar vaginale bloeding of net na 'n bevalling of aborsie of as u u baba borsvoed.

Motorbestuur en gebruik van masjinerie:
FIBREAKER 1 500 000 IU sal nie 'n effek hê op die vermoë om 'n voertuig te bestuur of masjinerie te gebruik nie omdat dit in die hospitaal toegedien word.

Gebruik van ander medisyne saam met FIBREAKER 1 500 000 IU:
Sê altyd vir u gesondheidskundige as u enige ander medisyne gebruik. Dit sluit komplementêre en tradisionele medisyne in. As u medisyne kry wat bloedstolling voorkom of onlangs gekry het of stowwe wat op die vorming of funksie van plaatjies werk, raadpleeg u dokter omdat u 'n hoër risiko vir bloeding kan hê. Voorbeelde van sulke medisyne is remmers van plaatjieklewing, asetielsalisielsuur, allopurinol, anaboliese steroïede, androgene, skildklierhormone, vlugtige olies, kinidien, klofibraat, indometasien, arielasynsuur- en arielpropioonsuurderivate, tetrasikliene, valproësuur, tiourasiele, sulfoonamiede en dekstraan.

4. HOE OM FIBREAKER 1 500 000 IU TE KRY
Dit sal nie van u verwag word om FIBREAKER 1 500 000 IU aan uself te gee nie. Dit sal aan u gegee word deur 'n persoon wat bevoeg is om dit te doen.

As u meer FIBREAKER 1 500 000 IU ontvang het as wat u moes:
Omdat 'n gesondheidskundige FIBREAKER 1 500 000 IU sal toedien, sal hy/sy die dosis beheer. In geval van oordosering, sal u dokter die oordosering egter bestuur.

5. MOONTLIKE NEWE EFFEKTE
FIBREAKER 1 500 000 IU kan newe effekte hê. Die mees algemene newe effekte is bloeding uit onlangse snye, wonde, letsels of sere en bloeding by die inspuitplek. Nie al die newe effekte wat vir FIBREAKER 1 500 000 IU aangemeld is, is in hierdie blad opgeneem nie. As u algemene gesondheidstoestand agteruitgaan terwyl u FIBREAKER 1 500 000 IU gebruik, moet u u dokter, apteker of ander gesondheidskundige asseblief om advies raadpleeg.

Indien enige van die volgende voorkom, moet u ophou om FIBREAKER 1 500 000 IU te kry en onmiddellik vir u dokter sê:
- Probleme met asemhaling.
- Veluitslag.
- Gloede of rooiheid van die vel.
- Galbulte of jeuk.
- Vloeistofretensie in die liggaam (swelling).

Dit is almal baie ernstige newe effekte. As u dit ervaar, kan dit wees dat u 'n ernstige allergiese reaksie teenoor FIBREAKER 1 500 000 IU het. U mag dringende mediese aandag of hospitalisasie nodig hê.

Sê dadelik vir u dokter as u enige van die volgende opmerk:
- Probleme met asemhaling.
- Hartaanval of hartversaking.
- Pyn in die borskas.
- Gebrek aan suurstof na die hart.
- Inflammasie van die oog (uveïtis of iritis).
- Verlies van visie (retinaleslagaarokklusie).
- Bloeding van die oë (retinale bloeding).
- Stygings in die waardes van lewerfunksietoetse of bilirubien.
- Geel verkleuring van die vel en/of oë (geelsug).
- Abdominale pyn (lewerhematoom).
- Bloedklonte elders.
- Inflammasie wat bloedvate vernietig (vaskulitis).
- Vloeistof in die longe (pulmonêre edeem).
- Cholesterol wat bloedvate verstop (cholesterolembolisme).
- Liggaamsweefsel van tone/vingers wat sterf (gangreentone/vingers).
- Inflammasie van die pankreas (pankreatitis).
- Koors en kouekoors.
- Laerugpyn.
- Ontwikkeling van teenliggame teen streptokinase.
- Verkleuring van die tone ("perstoonsindroom").
- Persrooi, netagtige, los kolle op die vel (livedo reticularis).
- Afbraak van beskadigde skeletspierweefsel (rabdomiolise).
- Toevalle (serebrale konvulsies).
- Afsterf van weefsel in die brein of rugmurg (serebrale of rugmurginfarksie).
- Bloeding op die brein (serebrale bloeding).
- Inflammasie van die niere (nefritis).
- Nierversaking.

Dit is almal ernstige newe effekte. U mag mediese aandag nodig hê.

Sê vir u dokter as u enige van die volgende opmerk:
- Moegheid, swakheid, duiseligheid en floute (bradikardie).
- Naarheid en braking.
- Hoofpyn en algemene ongemak (malaise).
- Inflammasie van die gewrigte (artritis).
- Swakheid, gevoelloosheid, naalde-en-spelde en brandpyn (polineuropatie).

As u enige newe effekte opmerk wat nie in hierdie blad genoem word nie, moet u u dokter of apteker asseblief daarvan sê.

6. BERGING EN WEGDOENING VAN FIBREAKER 1 500 000 IU
HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.
FIBREAKER 1 500 000 IU word gewoonlik in u dokter se spreekkamers of hospitaal gestoor.
Dit moet in 'n yskas tussen 2 en 8 °C gehou word. Moenie vries nie. Beskerm teen lig.
Bêre in die oorspronklike verpakking.
Hou die flessie in die karton.
Die droë stof moet nie na die vervaldatum wat op die etiket en karton gedruk is, gebruik word nie.
Die oplossing moet dadelik nadat dit aangemaak is, gebruik word.
Die dokter wat FIBREAKER 1 500 000 IU inspuiting gee sal die gebruikte flessie in 'n houer vir skerp voorwerpe weggooi.

7. AANBIEDING VAN FIBREAKER 1 500 000 IU
'n Wit poeier of 'n wit bros soliede, higroskopiese koek verpak in 'n gestandaardiseerde 8R-spuitglasflessie van 12 ml verseël met 'n prop van grys broombutielrubber en bedek met 'n lemmetjiegroen aluminium afwipseël. Flessies word individueel in kartonne verpak.

8. IDENTIFIKASIE VAN FIBREAKER 1 500 000 IU
'n Wit poeier of 'n wit bros soliede koek in helder glasflessies van 12 ml verseël met 'n prop van grys broombutielrubber met 'n lemmetjiegroen aluminium afwipseël.

9. REGISTRASIENOMMER/VERWYSINGSNOMMER
44/31/0010

10. NAAM EN ADRES VAN REGISTRASIEHOUER
Gen-Eye (Edms) Bpk[1]
Eenheid 7, Royal Palm Sake Landgoed
Washingtonstraat 646, Halfway House
Midrand, 1685
Gauteng, Suid-Afrika
[1] Maatskappyregistrasienommer: 2009/009360/07

11. DATUM VAN PUBLIKASIE
Datum van registrasie: 23 November 2017
Datum van huidige hersiende pasiëntinligtingsblad deur SAHPRA goedgekeur: 19 Oktober 2021

FIB/PIL/03/09.2021
Pro-Print

PRO-PRINT (PTY) LTD
THE PROFESSIONALS IN PRINT

REPRO

Date:	25th October 2021
Operator:	Claudette Isaacs
Customer:	Gen Eye
Product Name:	Fibreaker 1 500 000 IU Injection PI/PIL
Product Code:	FIB/PI/03/09.2021 FIB/PIL/03/09.2021
Dimensions:	330 x 350 mm
Fold Size:	165 x 29 mm
Fond Size:	6 point Helvetica Condensed
Colours: (1)	Black
	--
Barcode:	--
Pharmacode:	--
Stock:	--
Proof Status:	4th (Fourth)

Proof read by: _____

Reset: ☐ **Alterations:** ☑ **Disk/Possie:** ☐

No alterations – proceed as soon as possible ☐

Note alterations – Further proof is required ☐

PLEASE CHECK CAREFULLY.

Although we endeavour to proof accurately, we cannot accept responsibility for errors once proofs are signed and accepted by our clients.

Signature: ..... **Date:**.....

PROOF NOT READ – NO COPY SUPPLIED ☐